

OORSIG VAN EKONOMIESE TOESTANDE IN DIE UNIE IN 1958

A. INLEIDING

In die oorsig van 'n jaar gelede is daarop gewys dat die Unie in 1957, nadat daar in 1955 en 1956 'n vermindering was van die uitsonderlike hoë koers van ekonomiese uitbreiding wat die onmiddellik voorafgaande jare gekenmerk het, sy beleid van „konsolidasie” verander het tot een van „aansporing”. So is byvoorbeeld invoerbeheer en die beperking van bankkrediet vir die doeleindes van verbruik en vaste kapitaal, verslap, en in September daardie jaar, toe die Britse bankkoers van 5 tot 7 persent vermeerder is, is dit besluit om nie plaaslike koerse te verhoog nie, maar om liewers die oordrag van kapitaalfondse deur Unie-inwoners na Sterlinggebiedlande te beheer.

Vir verskeie redes, het ekonomiese bedrywigheid in die Unie aansienlik toegeneem in 1957, maar gedurende die tweede helfte van die jaar, toe invoere aanhou styg het, het die Unie betalingsbalansmoelikhede begin ondervind wat in groot mate te wyte was aan eksterne faktore waaroor die land se owerhede weinig of geen beheer gehad het nie. Hierdie faktore was die daling in oorsese grondstofpryse, wat 'n noemenswaardige verswakking in die Unie se ruilvoet teweeggebring het, en die drastiese kredietknelling en hoër rentekoerse wat destyds in die Verenigde Koninkryk geheers het, wat direk of indirek verantwoordelik was vir 'n aansienlike deel van die uitvloei van kapitaal wat gedurende daardie tydperk ondervind is.

Weens die onewewig in die betalingsbalans, het die Unie se owerhede gedurende die eerste helfte van 1958 weereens monetêre en fiskale maatreëls aangewend. Kortliks het hierdie stappe bestaan uit die beperking van bankkrediet deur die toepassing van aanvullende reserwevereistes op die handelsbanke; die toepassing van strenger buitelandse valutabeheermaatreëls wat Unie-inwoners betref; die verhoging van sekere rentekoerse; die plasing van 'n verbod op die invoer van luukse karre; en die verskerping van huurkoopbeheer in die motorhandel. Later, in Julie, is verhogings aangekondig in doeane- en aksynsbelasting op motors, petrol, drank, sigarette en pytabak.

Wat die beperking van bankkrediet betref, is in terme van Seksie 8 *bis* van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die vereiste gestel dat die handelsbanke in Junie, Julie en Augustus aanvullende reserwes moes hou gelyk aan 2, 4 en 4 persent, onderskeidelik, van hulle totale verpligtings teenoor die publiek aan die end van die vorige maand. Daarna is die persentasie verhoog tot 6 in September en 8 in

Oktober, waarna dit weer tot 6 in November verminder is. In hierdie verband moet daarop gelet word dat, in terme van die Wet, dit nie nodig is dat die aanvullende reserwes ten volle in kontant gehou word nie, want die handelsbanke kan 'n bedrag aftrek wat gelyk is aan enige netto vermeerdering ná 'n bepaalde datum (in hierdie geval 30 April 1958) in hulle besit aan Unie-skatkiesbewyse, Unie-regeringseffekte met 'n vervaltyd van hoogstens drie jaar, Landbankwissels of voorskotte aan die Landbank toegestaan, en kredietsaldo's by die Nasionale Finansiële korporasie.

Wat rentekoerse betref, is die koerse op skatkieswissels met drie en ses maande looptyd, en op daggelddeposito's by die Nasionale Finansiële korporasie op 12 Februarie 1958 met $\frac{1}{4}$ persent verhoog. Op 10 Maart het die handelsbanke hulle diskonto- en rentekoerse vir invoere en sekere ander handels-transaksies met $\frac{1}{2}$ persent verhoog, maar later, met ingang 1 Junie, hulle koerse op oortrekkings in die algemeen met hierdie bedrag verhoog. In laasgenoemde maand, het die Regering 'n begin gemaak met die uitreik van drie-maande (later verander tot 91 dae) Unie-skatkieswissels op 'n weeklikse tenderbasis, en die koerse hierop het effens vanaf 'n gemiddelde van 3.695 in Junie tot 3.736 persent in Augustus toegeneem, waarna dit geleidelik afgeneem het tot 3.684 persent in Desember. Gedurende hierdie tydperk is die koers op daggelddeposito's by die Nasionale Finansiële korporasie met $\frac{1}{8}$ persent tot 3.5 persent in die tweede week van Junie verhoog en het dit op hierdie peil bly staan gedurende die res van die jaar. Geen veranderings is egter gedurende die jaar in die plaaslike Bankkoers van $4\frac{1}{2}$ persent aangebring nie.

Die oorsig wat volg moet beskou word in die lig van die verskeie maatreëls hierbo beskryf sowel as ander ekonomiese verwickelinge van beide buitelandse en binnelandse oorsprong, waarna verwys sal word waar toepaslik.¹

B. ALGEMENE TENDENSE

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING

(a) Landbou

Volgens voorlopige skattings wat deur die Afdeling Ekonomie en Marke gemaak is, het die bruto-waarde van landbouproduksie, wat van £347 miljoen in 1955/56 tot £384 miljoen (hersiense syfer) in

¹ Tensy anders aangedui, is al die indekse wat in hierdie oorsig vermeld word, op die basis 1948 = 100 gebaseer.

1956/57 toegeneem het, afgeneem na £360 miljoen in 1957/58.

Die afname van £24 miljoen vanaf 1956/57 tot 1957/58 was in groot mate veroorsaak deur afnames in die waarde van produksie van wol en mielies, wat, in die geval van wol, grootliks as gevolg van 'n prysdaling plaasgevind het, maar ook as gevolg van 'n afname in die fisiese volume van produksie. Die produksie van wol het naamlik gedaal van £67 miljoen in 1956/57 tot £48 miljoen in 1957/58, of van 283 miljoen lbs. tot 265 miljoen lbs., terwyl die produksie van mielies gedaal het van £60 miljoen tot £51 miljoen, of van 42 miljoen sak tot 37 miljoen sak, onderskeidelik.

Hierdie syfers het betrekking op die jare geëindig 30 Junie, maar, geoordeel volgens landbouprysdalings in 1958, wil dit voorkom asof daar ook op 'n kalenderjaarbasis 'n afname in die waarde van landbouproduksie vanaf 1957 tot 1958 was.

(b) Mynwese


Die totale waarde van die Unie se minerale produksie, met uitsluiting van steengroefprodukte maar met insluiting van uraanuitvoere,² het tot die nuwe hoë peil van ongeveer £351 miljoen in 1958 toegeneem, vergeleke met £345 miljoen in 1957 en £315 miljoen in 1956.

Die verdere toename van ongeveer £6 miljoen in 1958 was hoofsaaklik te wyte aan goud en uraan. Die goudproduksie het van 17,031,000 fyn onse in 1957 tot 17,656,000 fyn onse in 1958 gestyg, of van £212.6 miljoen tot £220.0 miljoen, d.w.s. met £7.4 miljoen, terwyl die uitvoer van uraan met £3.2 miljoen toegeneem het, naamlik van £50.0 miljoen tot £53.2 miljoen.

Steenkoolverkope het van 37,687,000 ton in 1957 tot 39,940,000 ton in 1958, of in terme van waarde, van £21.7 miljoen tot £23.6 miljoen toegeneem, terwyl die waarde van koperverkope verder gedaal het van £10.2 miljoen tot £8.9 miljoen, alhoewel die hoeveelheid verkoop in werklikheid 'n verdere toename vanaf 50,500 tot 56,800 ton getoon het. Diamantverkope het effens toegeneem van £14.5 miljoen tot £15.6 miljoen, terwyl alle ander onedele en edele minerale saam 'n afname van £6 miljoen, naamlik van £36.1 miljoen tot £30.1 miljoen, getoon het.

Terwyl werkverskaffing in die mynwese dieselfde gemiddelde maandelikse indeks van 125 in 1958 as in 1957 getoon het, vergeleke met 123 in 1956, kan uit onderstaande grafiek gesien word dat daar 'n noemenswaardige opwaartse neiging gedurende die laaste drie kwartale van 1958 was. Die grafiek toon ook die relatiewe skerp toename in die goudproduksie gedurende die tweede helfte van die jaar aan.

² Syfers vir die waarde van uraanproduksie is nie beskikbaar nie.



Waardeindekse (1948 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

(c) Fabriekswese

In teenstelling met die neiging van werkverskaffing in die mynwese, het die indekse van werkverskaffing in private fabriekswese, uitgesonderd seisoenskommelings, gedurende die eerste helfte van 1958 verder toegeneem, maar daarna 'n effense afwaartse neiging gedurende die tweede helfte van die jaar getoon, soos deur die bostaande grafiek aangedui word. Geoordeel volgens die syfers beskikbaar vir die eerste elf maande van die jaar, was die gemiddelde maandelikse indeks in 1958 nog steeds effens hoër as in 1957. Ongelukkig is op datum syfers van fabrieksproduksie nog nie beskikbaar nie.

(d) Elektrisiteit

Die maandelikse indekse van elektriese stroom opgewek, uitgesonderd seisoenskommelings, het sy opwaartse beweging gedurende 1958 voortgesit, alhoewel teen 'n effense laer koers van toename as gedurende die twee voorafgaande jare. Die gemiddelde maandelikse indeks het van 204 in 1957 tot 216 in 1958 gestyg, vergeleke met 190 in 1956.

(e) Boubedryf

Terwyl die gemiddelde maandelikse indeks van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede van die Unie vanaf 133 in 1957 tot 139 in 1958 toegeneem het, vergeleke met 129 in 1956, blyk dit uit die onderstaande grafiek dat, afgesien van 'n buitengewone hoë syfer in November, die neiging in die maandelikse indekse, ná aansuiwering vir seisoenskommelings, gedurende 1958 afwaarts was, vergeleke met 'n opwaartse neiging gedurende 1957. Hierdie afwaartse neiging gedurende 1958 is ook weerspieël in die indekse van werkverskaffing in private konstruksie, wat, uitgesonderd seisoenskommelings, 'n gemiddelde van ongeveer 140 in die tweede helfte van die jaar bedra het, vergeleke met ongeveer 148 in die eerste helfte.

GOEDEREPRYSE


Groothandelspryse het gedurende 1958 relatief stabiel gebly, en die gemiddelde maandelikse indekse (alle goedere) het slegs effens toegeneem tot 160.0, vergeleke met 159.7 in 1957 en 157.4 in 1956. Die effense styging in 1958 was die netto resultaat van

'n klein toename in die indeks vir Uniegoedere en 'n klein afname in dié vir invoergoedere.

In die geval van kleinhandelspryse het die gemiddelde maandelikse indeks gestyg van 143.5 in 1957 tot 148.5 in 1958, vergeleke met 139.3 in 1956, en die neiging in die maandelikse indekse was dwarsdeur die jaar 1958 opwaarts. Die verdere toename in kleinhandelspryse in 1958 was grootliks die gevolg van verhoogde voedselpryse.

Wat landboupryse betref, het die dalende neiging wat gedurende die laaste vier maande van 1957 as gevolg van 'n daling in wolpryse ingetree het, gedurende 1958 voortgeduur, en die indeks het afgeneem tot 125 in Desember 1958, vergeleke met 137 in Desember 1957. Die gemiddelde maandelikse indeks het gedaal van 157 in 1957 tot 130 in 1958.

Die geweege gemiddelde prys van alle tipes wol, gegrond op pryse werklik betaal vir vetwol op openbare veilings in Unie-hawens, wat afgeneem het van 4.92 sjielings per lb. in September 1957 tot 3.57 sjielings in Desember van daardie jaar, het verder gedaal tot 2.93 en 2.61 sjielings in September en Desember 1958, onderskeidelik.



BUITELANDSE HANDEL¹

Terwyl die waarde van die Unie se invoere gedurende 1958 verder gestyg het, het die waarde van uitvoere 'n aansienlike daling getoon.

Voorlopige handelsyfers toon dat die invoere van koopware, wat van £501 miljoen in 1956 tot £558 miljoen in 1957 toegeneem het, tot £568 miljoen in 1958 gestyg het. Hierdie verdere toename in 1958 is egter veroorsaak deur buitengewone hoë invoere gedurende die eerste helfte van die jaar, toe die syfer £310 miljoen bedra het, vergeleke met £274 miljoen in die eerste helfte en £284 miljoen in die tweede helfte van 1957. Gedurende die tweede helfte

¹ Weens aansuiwering wat vir betalingsbalansdoeleindes gemaak is, verskil die invoer- en uitvoersyfers wat hier aangehaal word, ietwat van dié wat deur die Departement van Doane en Aksyns gepubliseer is.

van 1958 was daar dus 'n daling van £52 miljoen tot £258 miljoen.

Die netto toename van ongeveer £10 miljoen in totale invoere vanaf 1957 tot 1958 het plaasgevind niesteenstaande dalings van ongeveer £15 miljoen en £3 miljoen in die invoere van „tekstielware, klere, draad en vesels” en „olie, was, harssoorte, verfmiddels en vernisse”, onderskeidelik, en was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename van ongeveer £30 miljoen onder die opskrif „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie” (met inbegrip van skepe aangekoop), waarvan motorvoertuie en -onderdele ongeveer £7 miljoen bedra het. Invoere van laasgenoemde was nog baie hoog in die eerste helfte van die jaar, maar het gedurende die tweede helfte gedaal.

Soos uit bostaande grafiek blyk, het die maandelikse indekse van die waarde van invoere 'n afwaartse neiging gedurende 1958 getoon, vergeleke met 'n opwaartse neiging wat gedurende 1957 aangeteken is.

Die Unie se uitvoere, aan die ander kant, d.w.s. uitgesonderd goud en skeepsvoorrade maar met inbegrip van skepe verkoop, het gedaal met ongeveer £62 miljoen vanaf £446 miljoen in 1957 tot ongeveer £384 miljoen in 1958, vergeleke met £412 miljoen in 1956. Uitgesonderd heruitvoere, wat met ongeveer £9 miljoen afgeneem het, was daar 'n daling van £53 miljoen, of ongeveer 13 persent, in die uitvoere van Suid-Afrikaanse produkte in 1958, en dit was grootliks die gevolg van prysdalings, aangesien voorlopige berekenings aantoon dat die totale fisiese omvang van Suid-Afrikaanse produkte uitgevoer, met minder as 3 persent afgeneem het.

Van die afname van £53 miljoen in die uitvoere van Suid-Afrikaanse produkte, is £27 miljoen aangeteken onder die hoof „diere en landbouprodukte” (waarvan wol vir £25 miljoen verantwoordelik was), £17 miljoen onder „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie”, en £5 miljoen onder „delfstowwe, erde- en glaswerk”, terwyl klein dalings ook onder meeste van die ander hoofde aangeteken is, behalwe „voedsel, drank en tabak”, wat 'n toename van ongeveer £1 miljoen getoon het. Die mate waartoe die Unie se uitvoere deur dalings in die wêreldpryse van grondstowwe beïnvloed is, kan duidelik waargeneem word uit die volgende tabel, wat benaderde syfers aangee van die persentasie verandering vanaf 1957 tot 1958 in die waarde en fisiese volume van, en die gemiddelde prys behaal vir die land se vernaamste klasse van uitvoere. (Hierdie klasse was verantwoordelik vir oor die 80 persent van die totale Suid-Afrikaanse produkte uitgevoer in 1958.)


Klas van uitvoere (S.A. produkte)	Persentasie-verandering van 1957 tot 1958		
	Waarde	Volume	Eenheidsprys
Diere en landbouprodukte	-26	-5	-23
Voedsel, drank en tabak	+1	+8	-6
Metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie	-13	+3	-15
Delfstowwe, glas- en erdewerk	-13	-5	-8

Soos uit bostaande grafiek blyk, is die afwaartse neiging gedurende 1957 in die maandelikse indekse van die waarde van uitvoere, dwarsdeur die jaar 1958 voortgesit.

BINNELANDSE HANDEL

Geoordeel volgens die indekse beskikbaar vir 'n aantal van die vernaamste stede in die Unie, het die waarde van kleinhandelsverkope effens verder in 1958 toegeneem, terwyl die fisiese volume 'n klein daling getoon het. Gesamentlike indekse vir die verskeie stede toon nl. aan dat die waardeindeks van omset, wat van 129.7 in 1956 tot 133.2 in 1957 toegeneem het, verder tot 134.3 in 1958 gestyg het, terwyl die indeks van fisiese omvang, wat van 91.3 tot 91.5 gestyg het, tot 89.6 onderskeidelik afgeneem het.

Soos deur onderstaande grafiek aangetoon, was die neiging in die maandelikse waardeindekse ietwat afwaarts gedurende 1958, vergeleke met 'n effense opwaartse beweging gedurende 1957. In die geval van die fisiese omvang van verkope was daar ook 'n dalende neiging gedurende 1958, veral gedurende die tweede helfte van die jaar, vergeleke met 'n relatiewe stabiele neiging gedurende die voorafgaande twee jaar.



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.


SPOORWEGVERVOER

Soos uit bostaande grafiek blyk, het die stadiger koers van toename van spoorweginkomste gedurende die tweede helfte van 1957 vergeleke met die eerste helfte van die jaar, gedurende die eerste helfte van 1958 voortgeduur. Vervolgens was daar 'n aansienlike toename in Julie, grootliks as gevolg van die hoër spoorwegtariewe wat op die eerste van daardie maand in werking getree het, maar daarna het 'n afwaartse beweging ingetree, veral in November toe 'n aansienlike afname aangeteken is. Die gemiddelde maandelikse indeks van spoorweginkomste het gestyg tot 218 in 1958, vergeleke met 207 in 1957, en 198 in 1956.

Geoordeel volgens die syfers beskikbaar vir die eerste tien maande van die jaar, wil dit voorkom asof die gemiddelde maandelikse syfer van tonmyle van inkomstedaende verkeer ook in 1958 verder toegeneem het, en asof die neiging in die maandelikse syfers, uitgesonderd seisoenskommelings, ook gedurende die laaste vyf maande van die jaar afwaarts was.

AANDELEBEURSTRANSAKSIES

Aandelebeurstransaksies het gedurende 1958 'n sterk opwaartse beweging getoon, veral gedurende die tweede helfte van die jaar, en die gemiddelde maandelikse indeks het tot 76.3 gestyg, vergeleke met 63.0 in 1957 en 52.7 in 1956. Hierdie opwaartse beweging in omsette was vergesel van 'n toename in aandelepryse; die indekse vir die aandele van produserende goudmyne het nl. gestyg van 57 in 1957 tot 65 in 1958, en dié vir industriële aandele van 56 tot 59 onderskeidelik.



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

Nadat daar 'n opwaartse beweging gedurende 1957 was, het die maandelikse indekse van die waarde van eiendomstransaksies 'n afwaartse neiging gedurende 1958 getoon, en die gemiddelde maandelikse indeks het gedaal tot 86, vergeleke met 89 in 1957 en 85 in 1956.

C. NASIONALE REKENINGE

Die jongste skattings gepubliseer deur die Buro vir Sensus en Statistiek (wat gewysigde syfers vir 1956/57 insluit)¹ toon dat die Unie se totale geografiese volksinkome verder van £1,931 miljoen in 1956/57 tot £1,988 miljoen in 1957/58 toegeneem het, terwyl die netto volksinkome (d.w.s. ná aftrekking van inkomme wat aan nie-Unie produksie-

¹ Daar moet op gelet word dat die jongste syfers vir 1956/57 en 1957/58, nie vergelykbaar is met dié wat vir vorige jare gepubliseer is nie. Gewysigde syfers vir hierdie jare sal later gepubliseer word.

faktore toekom) van £1,721 miljoen tot £1,766 miljoen, of met 2.6 persent gestyg het, vergeleke met 'n styging van naastenby 7 persent in die vorige jaar.

Die toename van ongeveer £57 miljoen in die geografiese inkomme in 1957/58, het plaasgevind nie-teenstaande afnames van omtrent £29 miljoen en £6 miljoen onderskeidelik, onder die hoofde „Landbou, bosbou en visserye” en „Mynwese, uitgesonderd goud”, en was die gevolg van toenames onder al die ander hoofde van inkomme, veral die stygings van £29 miljoen onder „Private fabriekswese” en £15 miljoen onder „Goudmyne”.

Hierdie syfers het betrekking op die jare geëindig 30 Junie, maar dit wil voorkom asof, ook op 'n kalenderjaarbasis, die netto volksinkome teen 'n stadiger tempo vanaf 1957 tot 1958 as vanaf 1956 tot 1957 toegeneem het.

Wat die volksuitgawe in 1958 betref, is syfers nog nie beskikbaar nie, maar die aanduidings is dat verbruik verder in daardie jaar toegeneem het, terwyl die totale bruto binnelandse kapitaalvorming weinig verandering getoon het vergeleke met 1957. In die geval van laasgenoemde, wil dit voorkom asof belegging deur Openbare Owerhede aansienlik hoër was in 1958, maar dat Openbare Korporasies slegs vir 'n klein toename verantwoordelik was, terwyl belegging in voorrade kleiner was as gedurende die vorige jaar.

D. BETALINGSBALANS

In hierdie uitgawe word effens gewysigde betalingsbalanssyfers vir die jaar 1957 gepubliseer, waarin die resultate van die steekproefopname van buitelandse bates en laste, wat vir daardie jaar gemaak is, opgeneem is.

Die hersiene skattings toon aan dat die Unie 'n netto lopende tekort van omtrent £10 miljoen in 1957 gehad het, en 'n netto uitvloeï van private kapitaal van ongeveer £24 miljoen, terwyl offisiële en bankinstellings vir 'n netto toevloei van kapitaal van £9 miljoen verantwoordelik was. Hierbenewens het foute en weglatings op minus £5 miljoen te staan gekom, sodat die land se offisiële goud- en buitelandse valutareserwes met ongeveer £30 miljoen gedaal het.

Terwyl hierdie hersiene syfers maar min van die vroeër gepubliseerde skattings afwyk, is dit nou moontlik om die volgende bykomende besonderhede t.o.v. die beweging van private kapitaalfondse gedurende daardie jaar te verskaf:

(a) Van die totale netto uitvloeï van private kapitaal van £24 miljoen, het £11 miljoen 'n netto uitvloeï van buitelandse kapitaal verteenwoordig, en £13 miljoen 'n netto uitvloeï van Unie-inwonerfondse.

(b) Die netto uitvloeï van private buitelandse kapitaal van £11 miljoen was hoofsaaklik die gevolg van 'n netto verkoop van Unie-effekte ten bedrae van £13 miljoen deur buitelanders aan Unie-inwoners.

(c) Van die netto uitvloeï van private Unie-inwoner kapitaal van £13 miljoen, het £11 miljoen uit langtermynfondse bestaan, waarvan £9 miljoen

regstreekse belegging in filiaalmaatskappye, hoofsaaklik in die Federasie van Rhodesië en Njassaland, verteenwoordig het.

Betreffende die jaar 1958, en soos alreeds onder die opskrif „buitelandse handel” hierbo aangedui, het die Unie se invoere, met inbegrip van skepe aangekoop, van £558 miljoen in 1957 tot ongeveer £568 miljoen in 1958 toegeneem, terwyl uitvoere, uitgesonderd goud en skeepsvoorrade maar insluitende skepe verkoop, afgeneem het van £446 miljoen tot ongeveer £384 miljoen. Aan die ander kant het die netto goudproduksie met omtrent £6 miljoen toegeneem, maar voorlopige skattings dui aan dat hierdie toename naastenby geëwenaar is deur 'n verdere toename in netto lopende onsigbare betalings (hoofsaaklik as gevolg van 'n aansienlike daling in ontvangste vir skeepsvoorrade), sodat die land se netto lopende tekort met die buitewêreld vanaf £10 miljoen tot ongeveer £82 miljoen toegeneem het.

Vergeleke met hierdie netto lopende tekort van ongeveer £82 miljoen in 1958, het die Unie se goud- en buitelandse valutareserwes wat deur offisiële en bankinstellings gehou word, met ongeveer £4 miljoen toegeneem,¹ sodat dit wil voorkom asof daar 'n netto toevloei van kapitaal in alle vorme van omtrent £86 miljoen in daardie jaar was. Netto trekkings deur die Unie-regering op die I.M.F. en I.B.H.O. het ongeveer £13 miljoen en £5 miljoen onderskeidelik bedra, terwyl lenings deur die Regering in die V.S.A. aangegaan, 'n netto bedrag van £12 miljoen opgelewer het. Hierbenewens het die handelsbanke se korttermyn buitelandse laste met 'n netto bedrag van £5 miljoen toegeneem, maar aan die ander kant het die Reserwebank 'n netto bedrag van £4 miljoen op lenings wat van 'n internasionale bankinstelling ontvang is, terugbetaal, sodat offisiële en bankinstellings in die Unie vir 'n netto kapitaaltoevloei van £31 miljoen verantwoordelik was. Dit wil dus voorkom asof die netto toevloei van private kapitaal, met inbegrip van weglatings en foute, ongeveer £55 miljoen beloop het, waarvan sowat £11 miljoen deur die American-South African Investment Company opgelewer is. Die balans van £44 miljoen is ontvang nie-teenstaande 'n netto terugbetaling van £6 miljoen op uraanlenings, sodat daar 'n ongeïdentifiseerde netto toevloei van ongeveer £50 miljoen oorbly. Besonderhede van hierdie aansienlike netto toevloei van private kapitaal (waarvan die grootste gedeelte gedurende die tweede helfte van die jaar plaasgevind het, en met die daling in rentekoerse en die verligting van die kredietknelling in die Verenigde Koninkryk geassosieer kan word), sal beskikbaar word uit die resultate van die steekproefopname van buitelandse bates en laste vir 1958 wat nou gemaak word.

Wat die groot netto lopende tekort van ongeveer £82 miljoen in 1958 betref, moet daarop gelet word dat dit in hoofsaak gedurende die eerste helfte van

¹ Die goud- en buitelandse valutareserwes van die Reserwebank het met ongeveer £10 miljoen toegeneem, terwyl dié van die handelsbanke met ongeveer £6 miljoen gedaal het.

die jaar plaasgevind het toe invoere, soos reeds gemeld, op 'n buitengewone hoë peil was. Gedurende daardie tydperk het die netto lopende tekort ongeveer £70 miljoen beloop, vergeleke met 'n klein surplus van £2 miljoen gedurende die eerste helfte van 1957 en 'n tekort van ongeveer £12 miljoen in die tweede helfte van daardie jaar. Gedurende die tweede helfte van 1958 het die lopende tekort weer omtrent £12 miljoen bedra. As gevolg van hierdie verwickelinge het die Unie se goud- en buitelandse valutareserwes, wat gedurende die eerste helfte van 1958 met £29 miljoen gedaal het, gedurende die tweede helfte met £33 miljoen gestyg.

E. VERWIKKELINGE IN GELD- EN BANKWESE

GELD EN BANKKREDIET

Die totale hoeveelheid geld in omloop in die Unie, met insluiting van Regeringsdeposito's, het gedurende 1958 met ongeveer £9 miljoen gedaal, naamlik van £458 miljoen aan die end van 1957 tot £449 miljoen aan die end van 1958. Uitgesonderd Regeringsdeposito's, wat met ongeveer £3 miljoen toegeneem het, was daar in werklikheid 'n daling van ongeveer £12 miljoen in die geldhoeveelheid in die hande van die publiek, terwyl rentedraende deposito's wat die publiek by die handelsbanke en die Nasionale Finansiële korporasie hou, ook 'n klein afname van ongeveer £2 miljoen getoon het.

Daar was dus 'n afname van ongeveer £14 miljoen in die geldhoeveelheid en ander likwiede bates van die publiek by die banksektor¹ gedurende 1958, wat grootliks die resultaat was van 'n afname van dieselfde omvang in netto krediet verleen deur daardie sektor. Die Reserwebank het gedurende die jaar krediet ten bedrae van £7 miljoen vir die rekening van die Unieregering geskep, terwyl sy diskonteringe van Unie-skatkiesbewyse vir die handelsbanke en die N.F.K. met ongeveer £14 miljoen gedaal het. Hierdie daling is weerspieël in 'n toename van £10 miljoen in die handelsbanke en N.F.K. se besit aan skatkiesbewyse en Unieregeringseffekte, sodat die totale eise van die banksektor teen die Regering met ongeveer £3 miljoen toegeneem het. Hierdie toename is egter geëwenaar deur die toename in Regeringsdeposito's, wat beteken dat netto eise van die banksektor teen die Regering geen verandering oor die jaar getoon het nie. Die sektor se eise teen die publiek het aan die ander kant met £14 miljoen afgeneem, grootliks as gevolg van 'n afname van £18 miljoen in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aan die publiek.

Aangesien die bewegings hierbo beskryf op die jaar 1958 as geheel betrekking het, is dit van belang om uit onderstaande tabel daarop te let dat die afname van £14 miljoen oor die jaar in die geldhoeveelheid en ander likwiede bates van die publiek by die banksektor, plaasgevind het as gevolg van

'n skerp daling van £49 miljoen in die eerste kwartaal van die jaar toe die Unie 'n groot tekort in die betalingsbalans ondervind het. Daarna is 'n totale toename van £26 miljoen gedurende die tweede en derde kwartale, en 'n verdere toename van £9 miljoen gedurende die laaste kwartaal aangeteken. Hierdie bewegings in likwiede bates van die publiek het soortgelyke bewegings in totale bankkrediet weerspieël, behalwe gedurende die laaste kwartaal van die jaar toe die toename hoofsaaklik die gevolg was van 'n skerp styging in netto buitelandse bates, wat 'n aansienlike daling in totale bankkrediet meer as geëwenaar het.

Verandering in laste en bates van die banksektor¹ (£ miljoene)

	1958				Jaar
	1ste Kw.	2de Kw.	3de Kw.	4de Kw.	
Geldhoeveelheid ²	-29	+ 3	+ 4	+10	-12
Rentedraende deposito's	-20	+10	+ 9	- 1	- 2
Totaal	-49	+13	+13	+ 9	-14
Netto buitelandse bates ³	-31	- 5	+11	+32	+ 7
Netto eise teen Regering ⁴	-35	+36	+28	-29	—
Eise teen publiek	+23	-15	-20	- 2	-14
Onverdeelde poste	- 6	- 3	- 6	+ 8	- 7
Totaal	-49	+13	+13	+ 9	-14

Betreffende die bewegings in bankkrediet, toon die tabel dat netto eise van die banksektor teen die Regering met £35 miljoen gedurende die eerste kwartaal afgeneem het, en daarna met £64 miljoen in die tweede en derde kwartale gestyg het (hoofsaaklik ten gevolge van die netto seisoenskepping van krediet deur die Reserwebank), om slegs weer met £29 miljoen gedurende die laaste kwartaal te daal. Eise teen die publiek, aan die ander kant, het teenoorgestelde bewegings getoon deur met £23 miljoen in die eerste kwartaal toe te neem en daarna met £35 miljoen in die tweede en derde kwartale te daal. Gedurende die vierde kwartaal van die jaar het hierdie eise egter 'n verdere klein daling van £2 miljoen getoon toe slegs 'n geringe netto styging in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aangeteken is. (Onderstaande grafiek toon die mate aan waartoe daar 'n afwaartse beweging in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte gedurende die laaste drie kwartale van 1958 was, d.w.s. uitgesonderd seisoenskommelings.)

Bostaande ontleding toon aan dat die toepassing van die aanvullende reserwevereistes, wat gedurende die tweede en derde kwartale geleidelik verhoog is, die gewenste uitwerking gehad het om die seisoen-

¹ In hierdie oorsig word na die banksektor verwys as insluitende die Nasionale Finansiële korporasie.

² Met inbegrip van die Nasionale Finansiële korporasie.

³ In die hande van die publiek.


⁴ Buitelandse bates min buitelandse laste verskuldig aan buitelandse banke.

⁵ Eise teen Regering min Regeringsdeposito's.


skepping van Reserwebankkrediet aan die Regering gedurende daardie tydperk te neutraliseer, d.w.s. om die moontlikheid te voorkom dat hierdie krediet as 'n basis dien vir die verlening van bykomstige krediet deur die handelsbanke aan die publiek. Hierbenevens was dit gedeeltelik verantwoordelik vir die feit dat die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aan die publiek in werklikheid met £29 miljoen gedurende dieselfde tydperk gedaal het, maar slegs gedeeltelik, aangesien die handelsbanke in der waarheid aanvullende reserwebates gehad het, wat aansienlik meer as die wetlike vereiste bedrag van sulke reserwes was. Byvoorbeeld, op 21 Julie het die banke se aanvullende reserwebates 8 persent van hulle verpligtings teenoor die publiek soos aan die einde van Junie bedra, vergeleke met die wetlike vereiste van 4 persent, terwyl die ooreenkomstige syfers op 21 Oktober, 13 persent vergeleke met 8 persent was. Desgelyks het die banke se aanvullende reserweverhouding 11 persent vir die maand Desember bedra, nadat die wetlike verhouding soos vanaf 21 November tot 6 persent verminder is.

Wat die daling van £29 miljoen in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aan die publiek gedurende die tweede en derde kwartale betref, toon die beskikbare inligting aan dat ongeveer £20 miljoen te wyte was aan 'n daling in krediet verleen aan handels- en fabrieksondernemings. Hieruit wil dit dus voorkom asof die beperking van bankkrediet die gewenste uitwerking gehad het om direk of indirek die fondse beskikbaar vir die finansiering van invoere te beperk, en laasgenoemde het, soos reeds aangedui, 'n aansienlike afname gedurende die tweede helfte van die jaar getoon.

HANDELSBANKE :
DISKONTERINGE
EN VOORSKOTTE



BANKDEBETTE



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

BANKDEBETTE

Die gemiddelde maandelikse indeks van bankdebette, wat alle debette teen lopende rekenings in banke in die Unie dek, uitgesonderd Regeringsrekenings, het verder van 228 in 1957 tot 244 in 1958 gestyg, d.w.s. met ongeveer 7 persent, wat aansienlik minder was as die toename van onge-

veer 12 persent vanaf 1956 tot 1957. Uit bostaande grafiek blyk dit dat, terwyl die opwaartse neiging in die maandelikse indekse gedurende 1957, teen 'n ietwat laer koers gedurende die eerste helfte van 1958 voortgesit is, daar gedurende die tweede helfte van die jaar 'n effense afwaartse neiging was, wat niteenstaande 'n skerp toename in aandeelbeursomsette plaasgevind het.

Die verdere toename in bankdebette gedurende 1958 het veroorsaak dat die indekse van die omloopnelheid van die geldhoeveelheid in die hande van die publiek tot 282 toegeneem het, vergeleke met 256 in 1957 en 235 in 1956. Hierdie verdere toename het ook, egter, grootliks gedurende die eerste helfte van 1958 plaasgevind.

F. BESLUIT

Die voorafgaande kort oorsig toon dat die monetêre omvang van ekonomiese bedrywigheid in die Unie, geneem op 'n gemiddelde maandelikse basis, in 1958 verder toegeneem het, maar dat die koers van toename vanaf 1957 tot 1958 aansienlik laer was as van 1956 tot 1957. Hierdie vermindering in die koers van toename was 'n gevolg van die feit dat, terwyl die monetêre omvang van bedrywigheid gedurende die eerste helfte van 1958 steeds toegeneem het, 'n daling gedurende die tweede helfte van die jaar voorgekom het, soos weerspieël in die afwaartse neigings wat gedurende daardie tydperk in die maandsyfers van meeste van die waardeindekse hierbo oorweeg, aangeteken is. Die halfjaarlikse veranderinge in hierdie indekse, gegrond op gemiddelde maandelikse syfers aangesuiwer vir seisoenskommelings, word in die tabel hieronder saamgevat:

Waardeindekse	1957		1958	
	1ste helfte	2de helfte	1ste helfte	2de helfte
Bankdebette	+ 6	+10	+ 2	—
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke	+ 3	+ 9	+ 8	— 6
Invoere	+ 7	+11	+ 2	—11
Uitvoere (uitgesonderd goud)	+ 7	— 5	— 7	—10
Kleinhandelsverkope	+ 2	+ 1	+ 1	— 1
Eiendomsransaksies	+ 2	+11	— 1	—14
Bouplanne goedgekeur	— 8	+18	— 2	— 3
Spoorweginkomste	+ 3	+ 2	+ 2	+ 5
Goudproduksie	+ 4	+ 2	+ 1	+ 5
Aandeelbeursomset	+12	+17	—22	+95

Terwyl die daling in die monetêre omvang van bedrywigheid gedurende die tweede helfte van 1958 ook beskou moet word in die lig van die meer beperkende monetêre beleid wat vroeër in die jaar in die Unie van toepassing gemaak is, moet dit, in die eerste plek, in verband gebring word met die aansienlike afname in die waarde van die land se uitvoere, wat gevolg het op die daling in die wêreldpryse van grondstowwe ná ongeveer die middel van

¹ d.w.s. die persentasie verandering vanaf die vorige halfjaar tot die halfjaar aangedui.

1957. Hierdie daling in uitvoere, ten tye van stygende invoere, was dan ook die vernaamste faktor wat aanleiding gegee het tot die aanname van meer beperkende monetêre maatreëls ten einde die daling in die land se goud- en buitelandse valutareserwes te bekamp.

Soos in die oorsig aangedui, het die belangrikste maatreël wat aangeneem is, naamlik die toepassing van aanvullende reserwevereistes op die handelsbanke, die uitwerking gehad om die seisoenskepping van krediet deur die Reserwebank aan die Regering gedurende die tweede en derde kwartale te neutraliseer, terwyl dit ook, maar slegs gedeeltelik, verantwoordelik was vir die daling wat gedurende daardie tydperk in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte aan die publiek plaasgevind het. Ander belangrike faktore wat tot hierdie daling bygedra het, was die opdrag van die Reserwebank om krediet vir die direkte of indirekte finansiering van invoere te beperk, en die algemene verslapping van besigheidstoestande in die Unie. Hierdie faktore het ná die vermindering van die aanvullende reserwevereistes in November nog steeds 'n uitwerking getoon.

Wat die betalingsbalans betref, het die verskillende maatreëls wat toegepas is, die gewenste uitwerking gehad om invoere te beperk, sodat daar 'n aansienlike daling in die Unie se lopende tekort gedurende die tweede helfte van die jaar was. Hierbenewens was daar 'n aanmerklike toevloei van private kapitaal gedurende daardie tydperk, sodat die land se goud- en buitelandse valutareserwes 'n aansienlike toename getoon het. Klaarblyklik vir dieselfde redes het die reserwes gedurende die eerste paar maande van 1959 nog steeds gestyg.

In die lig van die veranderde ekonomiese toestand in die Unie gedurende die tweede helfte van 1958, is die plaaslike bankkoers vroeg in Januarie 1959 van $4\frac{1}{2}$ na 4 persent verlaag, en dit is gevolg deur 'n verlaging van $\frac{1}{2}$ persent in die leningskoerse van die handelsbanke. Later, in Februarie, is die bedrag van aanvullende reserwes wat van die handelsbanke vereis word, verder van 6 tot 4 persent verminder.

T. W. de Jongh,
Hoof: Departement Ekonomiese Navorsing en Statistiek.

REVIEW OF ECONOMIC CONDITIONS IN THE UNION IN 1958

A. INTRODUCTION

In the review of a year ago, it was pointed out that, after the slowing down in 1955 and 1956 of the excessive rate of economic expansion in the Union which characterised the immediately foregoing years, the Union's policy of "consolidation" was changed in 1957 to one of "encouragement". So, for example, import control and the restriction of bank credit for consumption and fixed capital purposes were relaxed, and in September of that year, when the Bank of England rate was increased from 5 to 7 per cent, it was decided not to increase local interest rates, but rather to control the transfer of Union-resident capital funds to Sterling-area countries.

